
AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL

# Stroom-op

APRIL 1977



*Klasie en Paul plaas die balk op die ou skoolvaandel.*

# AFFIES VERJAAR

**Vrydag, 28 Januarie het die Affies hulle 57ste verjaardag gevier. Die Affies het besluit om daarvan 'n besonderse geleentheid te maak en het lank voor die tyd al begin reëlings tref, en sprekers gekies. Na goeie beplanning het die groot dag aangebreek.**

Vroeg die oggend, nog voor die skool begin het, het al die prefekte, behalwe Anton, na die plek vertrek waar generaal Piet Joubert se huis vroeër gestaan het. Die huis van generaal Joubert het in die beginjare van ons skool as skoolgebou gedien. 'n Boekenhout balk, wat oorspronklik uit die huis kom, is om die beurt deur die prefekte, wat netjies in 'n peleton gestap het, tot by die skool gedra.

Die dra van die balk van generaal Piet Joubert se huis na die skool was 'n simboliese trek van ons skool na die huidige skoolgebou. Terwyl die prefekte die balk gedra het, het die res van die skool, wat in uitgaandrag gekiee was, na die pawiljoen beweeg waar die verrigtinge van die dag plaasgevind het. Die opening is waargeneem deur ds. A de V. Visser, 'n oud-leerling van ons skool. Na 'n treffende skriflesing en gebed het Anton ons skool se roemryke geskiedenis kort en kragtig saamgevat in 'n puik toespraak wat elke Affie opnuut weer laat trots voel het op ons pragtige skool.

Terwyl Anton besig was, het die prefekte intussen met die balk arriveer en die kadetorkes het saam met hulle stelling ingeneem langs die onderste koshuis. Na Anton se toespraak, het die prefekte netjies in gelid onder leiding van die kadetorkes tot voor die hoof pawiljoen marsjeer. Terwyl die prefekte op aandag gestaan het, het die orkes netjies tot agter die twee vlagpale marsjeer. Daarna het Paul en Klasie die balk op 'n staander met die ou skoolvaandel daaroor neergesit reg voor die rostrum.

Die prefekte het verdaag en hulle plekke by die res van die skool op die pawiljoen ingeneem. Die skool het toe die skoollied gesing begelei deur die blaasorkes wat hulle puik van hul taak gekwyt het.

Die skool het gaan sit en hulle gereed gemaak vir die lang toespraak wat sou volg. Die Affies het egter gou uitgevind dat prof. Roefl Botha, ook 'n oudleerling van ons skool, presies weet hoe om so reg in die Affies se kraal te praat. Na elke staaltjie uit die ou dae het die Affies geskater en veral die staaltjies van onderwysers wat in die eerste span rugby gespeel het, het die Affies laat lag. Prof. Roelf Botha is na sy toespraak op die tradisionele wyse bedank deur die Affies se luide applous.

Na die toespraak is eers ons skoolvlag en toe ons landsvlag op treffende wyse gehys terwyl die hele skool op aandag gestaan het. Daarna is afgesluit deur die eerste en laaste verse van die volkslied te sing. Daarna het ons teruggekeer na ons klasse. Gedurende langpouse wou ons matrieks op tradisionele wyse die blouetjies oorkant die straat gaan gelukwens, maar ons is ongelukkig verbied om ons op Affienaland te begeef.


Die verjaardag van ons skool sal in die vervolg bekend staan as „Affiedag" en almal van ons hoop dat dit in die vervolg tradisie sal word om dié dag elke jaar te vier. Ons hoop ook dat die meisies in die vervolg sal deel hê aan ons feesvieringe. Ons sê ook dankie aan meneer Ferreira en die prefekte wat vir ons dié dag gereël het. Mag Affies elke jaar van die Affiedag 'n grotse geleentheid maak.

**REDAKTEUR**

## LEES BINNE


- Groentjiekonsert Bl. 2
- Kultureel ....... Bl. 3
- Hoekie vir Eensames ....... Bl. 4
- Vervolgverhaal . Bl. 6
- Sprêekbuis ..... Bl. 6
- Terugblik ...... Bl. 7
- Sport .......... Bl. 9


ONS FOTOGRAWE:
Pierre Wolmarans (Hoof)
Danie Bezuidenhout
F. Swanepoel
Eugene Shülz
Stoffel Gouws
J. Gey-van-Pittius





## ONS HOOF-MAN AAN DIE WOORD

**Die jaar 1977 het maar so pas begin en tog kan mens reeds die blik na agter werp. Wat jy daar sien, laat jou met gerustheid die toekoms inloer. Ek praat nou van sport.**

Die afgelope atletiekseisoen het die oog gevang met puik prestasies. Dit kan eendersyds toegeskryf word aan die ontpopping van groot talent. Andersyds was dit opmerklik dat die prestasies gepaard gegaan het met groot geesdrif vanuit die pawiljoen. Mooi so Affies – die gees is reg! Dit vul mens met hoop en geesdrif vir die rugbyseisoen wat voorlê.

Maar wag – Affies het nie vanjaar oorgeskakel na 'n sportskool nie. Ons is al kniediep in die akademie en die groot swaarkry lê nog voor. Sterkte!

**A Trichardt**






## 'N STANDERD SES SE MENING

**"Ek wil net graag skryf oor ons klaskapteins. Ek dink daar moet elke tweede maand ander klaskapteins gekies word, want as een klaskaptein reg deur die jaar moet wees, sal hy baie moeg word. Want die Onderklaskaptein het geen maniere nie. As hy ons stilmaak, dan sê hy dit nooit in mooigeid nie – hy sê altyd – Hou julle bekke in die klas, ek stem glad nie daarmee saam nie. Hy moet dadelik geskors word. Hy moet maniere leer."**

# DIE GROENTJIEKONSERT '77

**"Really, if the lower orders don't set us a good example, what on earth is the use of them?"**
**Oscar Wilde.**

Na afloop van die Groentjiekonsert van 1977, kan ons met 'n blye hart en 'n vrye gemoed sê: „Die ‚lower orders' hèt vir ons 'n goeie voorbeeld gestel en ons kàn hulle gebruik." So Matrieks, weg met „Kaap Kennedy" en „Mars" en die dinge – die sesse is nie so sleg nie. Hulle het dit wel deeglik met die Groentjiekonsert bewys.

Dit was harde oefening, ek herhaal, harde oefening want al is die sesse baie talentvol, het menige Matrikulant wat met die afrigting gehelp het, sommige middae sterk getwyfel aan die „verstandelike vermoëns" van sommige sesse! Ek meen te sê, as 'n mens ongeveer drie pouses moet neem om die spreekkoor net in twee rye, van groot na klein,te laat staan, nou ja, dan begin mens maar wonder . . .

Wel, uiteindelik het die groot aand aangebreek en van die oomblik dat die piepklein seremoniemeesteressie haar eerste verskyning op die verhoog gemaak het, totdàt die gordyn vir die laaste maal toegegaan het, was die Groentjiekonsert een groot genot.

Die items was puik. Dink maar aan Phyllis Crause met haar pragtige klaviersolo, Zelda Papenfus wat vir ons 'n baie „veelsydige" klopdans gelewer het, Lynn van Niekerk se sangsolo en Greta Meyer en Elzilda Becker wat gedigte voorgedra het. Dan was daar ook die akrobatiese dans deur Beatrix van der Linde, 'n vioolsolo deur Charlotte Fiedeldy, die o oulike sangspeletjie wat op 'n baie romantiese toon geëindig het, en nog baie ander items wat duidelik die gehoor se bewondering afgedwing het. Die items was 'n duidelike teken dat die sesse nie van plan is om hulle talent onder 'n maatemmer te verberg nie en dat ons sommer nog baie van daardie talente in die toekoms gaan sien!

Na pouse was dit tyd vir die „Drama" van die aand en watter drama was dié „Drama" nie! Ek meen te sê, as 'n mens drie pouses moet neem om die spreekkoor in twee rye, van groot na klein, te laat . . . maar nou ja, die eindresultaat was, om in een woord op te som, pragtig!


Die dekor en kostumering was nou regtig eenvoudig, dog treffend. Die paddakoor het geskitter, die „blommetjies" het gestraal en die bome het heel impressionisties daar uitgesien (Al moes een boom op die laaste nippertjie deur twee „onbekende" Matrieks vasgehou word!)

Verder het Magda (Paddamientjie), Tessa (Stefanus), Nonnie (Koningin) en Claudia (Koning) ons verbaas met hul puik toneelspel en die oulike manier waarop hulle hul rolle hanteer het.


Wat die gehoor betref, wil ons net die Matrieks bedank wat in groot getalle opgedaag het en hulle werklik fyn gedra het. Laaste, maar nie die minste nie, wil ons in die besonder ook net 'n hartlike woord van dank aan die lagmasjientjie en Gussie rig – hulle het werklik daartoe bygedra om die atmosfeer te skep.

Waarlik, die Groentjiekonsert van 1977 was nie net die sesse se groot Deurbaak (debuut?) nie, maar ook een van die hoogtepunte van die jaar.

**Renée Basson.**



**St. Sesse onderteken die erekode by die hoofseuns.**



## BRIEF AAN ST. SESSE

**Koelkas -9 grade**
**1977-03-13**

Liewe Maatjies,

Ek is nog steeds hier in die matrieks se koelkas en dit is vandag Vrydag die 13e!! Soos julle almal weet, is ek met die Groentjiekonsert uit Affieland verban. Vandag oor 'n maand is dit weer Vrydag die 13e en dan gaan ek museum toe waar ek in 'n mummie verander gaan word.

Omdat ek alleen hier in die koelkas lê, het die matrieks besluit hulle het nog „paddas" nodig vir hul museum.

Liewe maatjies, as ek julle goeie raad kan gee, werk hard, wees soet en respekteer die matriekdames. (Moet asseblief nie dieselfde fout as ek begaan om per ongeluk die Matriek-kleedkamer te gebruik nie. Maak julle ore en oë oop en luister).

Onthou net die matrieks is nou op die uitkyk vir nuwelinge wat oortree. As julle die matrieks wil behaaf, skryf **baie** artikels vir **Stroom-op** – as julle dit nie doen nie, gaan ek nie alleen museum toe nie. Wees asseblief gehoorsaam! As jy een maal museum toe gaan, kom jy nooit weer terug nie!

Groete aan almal in Affieland.
Jul gewese paddamaatjie
**Padda Mientjie**

***B.J. FERREIRA APTEEK***

*Vir vriendelike en flinke diens gewaarborg!*

*Kom koop u spesiale geskenkie by ons.*

**KINGSLEY'S**
**Tel. 424605**

**GINSBERG'S**
DIE FAMILIE WINKEL
VIR AL U
BENODIGHEDE


**Bronkhorststraat 219 Nu-Muckleneuk**
**Tel. 78-3211**



# JAPAN ... 'N PROJEK

**Japan, die land van die opkomende son, in ons biblioteek... Standerd 7D het na 'n lang tyd van wik en weeg en harde werk dit tog reggekry om "Die Keiser se tuin" deur middel van 'n model uit te beeld.**

Van die volgende Japannese kunste is gebruik gemaak: Origamidie kuns om papier te vou, Bonsai – die kweek van minatuur boompies en Ikebana – Japannese blommerangskikking.



Ons het ook opstelle geskryf oor byvoorbeeld die teedrinkseremonie kleredrag, pêrelkwekery, die kweek van Bonsai, die diereryk, asook die verhaal van Japan.

In die agtergrond het toepaslike musiek gespeel en by "die tuin" het wierook gebrand. Die gasvroue, in Japannese drag geklee, het die besoekers by die deur op tradisionele Japannese wyse verwelkom. Dit alles het die atmosfeer van Japan oorgedra.

Alhoewel dit harde werk was, het ons en mev. Buitendag wat die leiding geneem het, die genot daarvan gesmaak toe baie van die onderwyseresse en leerlinge na ons gekom het om te sê dat dit baie mooi was.

Ons is ook seker dat baie van ons mede skoliere wat voorheen baie min of niks van Japan geweet het nie, deur middel van die projek baie geleer het.

## KULTUREEL

# AFFIES LÊ 'N BESOEK AF BY HULLE VOORVADERS

**Saterdag 19 Februarie. Versmorende hittegolwe styg van 'n bloedige Kerkstraat op terwyl donkerblou donderwolke in die lug hang. Die sweet loop strome onder my "cheesecutter" uit en word naarstiglik opgesuig deur my deurdrenkte boordjie. My gedagtes is by die puik atletiek op Pilditch. Die kaalkop fotograaf van Hoofstad gluur my kamera minagtend aan. Twee van ons maak gereed om 'n interessante en geskiedkundige toer deur die ou kerkhof van Pretoria mee te maak. 'n Ouerige omie kom aangesukkel deur die grafstene na ons toe: "My name is Tom Andrews, how do you do". 'n Breë Engelse glimlag word ons toegedien en ons voel sommer dadelik tuis.**

Die hele toer is gereël deur die reeds genoemde Mnr. Tom Andrews. Hy is 'n lid van die „Society of old Pretoria" en 'n kenner van die begraafplaas, sy „inwoners" en sy veral deur die jare. Die „Society of old Pretoria" is 'n vereniging wat, hoewel dit tweetalig is, hoofsaaklik deur die „high society" Engelsman van Pretoria ondersteun word. Die doel wat hoofsaaklik deur die vereniging be-oog is, was om soveel moontlik mense in die eerste plek bekend te stel met die voorvaders en grondleggers van Pretoria en sy omgewing wat hier begrawe lê en in die tweede plek, om die mense te wys en dit onder hulle aandag te bring in watter swak toestand die grafte is.

Die groep mense het ongemaklik begin rondstaan en Mnr. Andrews moes opgemerk het dat 'n paar ouerige dames waaronder 'n luidrugtige Hollander, die skraal skaduweetjies van die begraafplaassipresse begin opsoek het, want hy spoor ons aan na die westekant van die kerkhof toe. Die optimistiese Tom Andrews het sy 3 duim-dik pak notas uitgehaal en ons triomfantlik meegedeel dat ons ongeveer 80 grafte gaan „doen". Ons moed het in ons skoene gesak, maar toe Mnr. Andrews begin praat het, het selfs ons „Kaaskop" stil geraak en aandagtig begin luister.

Daar is begin met 'n kort geskiedenis van die begraafplaas. Wanneer die begraafplaas presies geopen is, is nie vir ons gesê nie, maar wat wel interessant was, was dat dit nie die eerste en oorspronklike begraafplaas van Pretoria was nie. Die eerste kerkhof was die familie-kerkhof op die plaas du Preez-hoek waar die Berea boogskuttersklub tans geleë is. Die Du Preez-familie is later weer her-begrawe in die huidige kerkhof.

'n Onaangename reuk het tussen die grafte rond-gehang en orals kon 'n mens die slaapplekke van die kerkhof se „lewendige" inwoners, die boemelaars, sien. Die slaapplekke is omring met die vorige paar maande se drankbottels en dit was dus ook nie moeilik om raak te sien waar 'n grafsteen miskien die boemelaar se gemaklikheid vervonkfaai het nie, want in so 'n geval het ons bogemelde vriend op 'n heel gerieflik en paslike wyse daarvan ontslae geraak.

In 1883 het die begraafplaas in so 'n mate uitgebrei dat dit in drie dele verdeel moes word. Een gedeelte is vir die Afrikaner afgestaan, 'n ander vir die Engelsman en laaste en relatief klein gedeelte vir die Katoliek. 'n Jaar gelede is daar hoofsaaklik deur die toedoen van Mnr. Andrews 'n opname gemaak en hy het vasgestel dat daar ongeveer tien duisend (dit klink 'n bietjie vergesorg) siele in hierdie kerkhof begrawe lê. Die afgelope tyd het baie mense begin navraag doen in verband met familie wat hier begrawe is en dit is feitlik 'n onbegonne taak om enige inligting te verskaf as die grafsteen eers verwyder of vernietig is.

Die „Society of old Pretoria" het al verskeie kere in die verlede probeer om die begraafplaas te restoureer, maar tot dusver was die tekort aan fondse nog altyd 'n probleem. Die saak het weer eens 'n heftige bespreking onder die ouer garde uitgelok. Daar is voorgestel dat alle tralies en randsteenwerk verwyder moes word en net die grafsteen self gelaat moes word. Daar sal dan mettertyd gras tussenin geplant word. Ook het 'n ou omie, vroeër 'n onderwyser van Boys High, voorgestel dat iemand A.V.B.O.B. moes kontak en om geldelike hulp vra. Niemand het blykbaar die morele moed gehad om hom te antwoord nie en ten einde raad het Mnr. Andrews dieselfde gedoen as wat so baie ander mense wat in die verlede al probleme gehad het, gedoen het en gesê dat die jeug van vandag na alles sal omsien. Twintig paar deurborende oë het ons aangegluur.

Daar is 'n paar werklik kleurvolle en interessante persoonlikhede in hierdie kerkhof begrawe. Behalwe die bekende gesigte in die Helde Akker, is daar ook nog die volgende:

Andries Petrus Jacobs van der Walt na wie van der Waltstraat vernoem is; die vrou van R.J. O'Neil in wie se huis die vrede van Majuba onderteken is. Haar graf, eens 'n tien voet hoë standbeeld, is vandag 'n puinhoop; John Jack, stigter van die John Jack onderneming wat vandag nog in Pretoria bestaan; James Calvert Poynton na wie die Pynton-gebou vernoem is. Hy was 'n skatryk man en het eens die hele blok waarop Poynton vandag staan, besit; Corporal Henry Watson. Hy was die eerste Engelse soldaat wat in Transvaal gesterf het – nie deur oorlogvoering nie, maar wel weens natuurlike oorsake en Susan Clary deur wie die onderwys in die Transvaal op die been gebring is. Haar grafsteen was die eerste marmer grafsteen in Transvaal en is deur haar familie en vriende van Amerika oorgestuur.

Ten einde is 'n glas koeldrank vir ons aangebied wat wondere verrig het. Ons het uitmekaar gegaan –! vol klitse, maar elkeen diep onder die indruk van die interessante geskiedenis van ons provinsie, stad en sy mense.

**J.P. Bothma**
**Historievereniging**

## TRUK BIED AAN:

# "KEN U ORKES" MET GASDIRIGENT MEJ. M. BOTHMA

**Woensdag 19 Januarie het Truk se simfonieorkes ons besoek en twee baie begaafde dames het elk 'n takie by die geleentheid verrig.**


Die bekende aktrise, Sandra Prinsloo, was eerste aan die beurt en sy het al die instrumente van die orkes aan ons voorgestel. Met groot vrolikheid en plesier het elke musikant en sy instrument hul buiging kom maak en sodoende het ons elke moontlike klank van die instrument leer ken. 'n Baie besondere bydrae was die „balletsolo" deur een van die tjello's gelewer – regtig van hoogstaande gehalte.

Nadat ons almal al die moontlikhede van die orkes ontdek het ,het die langverwagte oomblik aangebreek dat die orkes o.l.v. die gasdirigent, mej. Bothma, sou speel. Beskeie en onder beskerming van haar helpers het Mej. Bothma na die verhoog beweeg.

Met grasie en onbetwyfelbare musikale talent het Mej. Bothma die orkes gelei. Met elke handbeweging het hulle reageer – nóóit sou ons kon dink dat ons fikse L.O. onnie só talentvol kan wees nie.

Na 'n oomblik van stilte het 'n luide applous losgebars. Mej. Bothma se debuut was 'n reuse sukses!

Ons hoop om in die toekoms meer van hierdie vrolike en die begaafde Mej. Bothma te hoor.



# REDENAARSFEES

**Op 12 Maart het vier van ons seuns aan die Suid-Afrikaanse Gilde van Spraak- en Dramaonderwysers se redenaarskompetisie gaan deelneem.**

Die redenaars was P. Bekker; P. Bothma; M. Jooste en A. Potgieter.

Affies het besonder goed gevaar deur sommer, tydens die eerste deel van die kompetisie 'n leerling onder die eerste vier te kon hê. Dié besondere redenaar, was Pirow Bekker.


Pirow het nie op hom laat wag nie en ook die eerste rondte van die algemene kompetisie gewen.

Baie geluk Pirow en sterkte vir dit wat nog voorlê.

Die redenaarsfees was besonder interessant. Die deelnemers het baie daaruit geleer. Die standaard van die toesprake was besonder hoog en Affies het hom deeglik laat geld gesien in die lig dat elke Affiespreker 'n gemiddelde punt van sewentig plus vir sy toespraak ontvang het.

Hartlik geluk aan al die deelnemers.

**A. Potgieter.**




**1. Geel-wit Holden Premier**
'n Aantreklike museumstuk. Aangepas vir abnormaal swak paaie en toestande. Onoortreflike voertuig in modder. Spring vreeslik in moerasse. Die fout is nog nie opgeklaar nie. 'n Paddatjie beweeg op en af aan 'n rekkie onder aan die truspieëltjie.

**2. Blou-Grys Volkswagen kewer. 18-voertsek.**
Spesiaal deur chemici ontwerp en gebou om sekere vloeistowwe te vervoer. Absoluut waterdig - geen lekkasie kom voor nie; slegs as dit reën. Groot hoeveelhede sop word daagliks met die motor vervoer. Onderstel gebuig a.g.v. die gewig daarvan. P'sop dus vir hierdie motor - die toestand van die remme, indien enige, is te betwyfel.

**3. Bruin Datsun 1200 GX**
Fantastiese versnelling, nes die van 'n pistoolskoot. „Wanneer hy eers weggetrek het, boeta, dan hol hy asof die hel agter hom is!" Die eerste nege treë bou die wiele rewolusies op, die volgende dertig treë gee hy vet en dán laat waai hy! En ou Perd, as jy my nie glo nie, kan jy sing-song-ping-pong-hel toe vlieg! Ook besonder ekonomies; een tenk vanaf Pretoria tot in „Stellenbosch."

**4. Geel Volkswagen Kombi**
Wiskundig benader en georiënteerd. Baie intellektuele persone met die motor vervoer. Besonder luuks. Varkleer oortreksels oor sitplekke en stuurwiel. Eienaar is 'n opperste padvark, maar die tragiek va² die kêrel is dat hy abnormale neigings toon - hy stel baie belang in wiskunde!

**5. Metaal-bruin Dodge Colt 1600 t-spoed GS:**
Die dak van die motor is oorgetrek met veniel. Finansiële toestand van eienaar laat nog nie die voltooiing daarvan toe nie. Motor in baie goeie kondisie, hoofsaaklik toegeskryf aan die feit dat dit koninklik musikaal behandel word. Die reliëf en gradiënt en tekstuur van die aarde waaroor die motor beweeg, word eg Aardrykskundig uitgewerk en beplan. Die eienaar van die motor kan egter nie padvarke verdra nie. Volgens hom moet mens: „Fair en square speel" of anders wys hy vir jou tande.

**6. Geel B.M.W. 2004 SA:**
Puik motor. Egter seldsaam in 'n paar opsigte. Slegs persone korter as vier voet word in die motor toegelaat. Die bestuurder se sitplek word slegs halfvol gesit, aangesien die eienaar self 'n halwe persoon is.

**7. Wit Ford Cortina bakkie:**
Motor met buitengewoon baie „ballbearings". Dit het die eienaardige eienskap, dat die wiele draai, op dieselfde wyse as wat tennisballe rol, wanneer dit beweeg.

**8. Weermag-kleurige Ford Escort:**
Eienaar was die hoofakteur in die treffer rolprent: „Aanslag op Kariba" en „Kaptein Caprivi" - Die motor is nog steeds gekamoufleer en ry soms sonder buffers en wieldoppe rond. Het waarskynlik verlore geraak in 'n landmyn ontploffing. A.g.v. dié skade, ry die eienaar deesdae fiets. 'n AK47 kan dalk in die motor gevind word.

**9. Rooi Renault:**
„Uh, Kollegas, uh, ons wil graag die nuwe Rooi Renault, uh, dit is 'n Franse motor wat rooi is, uh aankondig. Onder is, uh, twee wit strepe, wat hom, uh, nogal modern, of vinnig of, uh, nuut, laat lyk. Die motor beweeg met rukke en stote, a.g.v., uh, die eienaardige ontwerp van die eienaar. Ingeval die motor, uh, gekoop wil word, is die reëlings, uh, alreeds met dr. Minnaar in die kantoor, uh, getref. Uh, dankie, uh . . ."

**10. Ligblou Mini Bakkie:**
Baie merkwaardige motor. Maksimum vrag wat die bakkietjie kan dra . . .? Besonder luuks. Deurpanele met rooi fluweel oorgetrek. Het die arme eienaar nege maande van harde arbeid gekos om die pragtige baba in die wêreld te bring.

**Matrikulant**

# DOOD VAN DIE WILDE-AFFIE

*Skemeroggend sit die onnie verskuil*
*Agter die lessenaarblad*
*Swart dood van die punteboek*
*Tussen duim en voorvinger vasgehak*

*En as die rooi oog van die son*
*Strak deur die venster loer*
*Dan korrel sy langs blinkswart raam*
*Waar skadu's in die klasse roer.*

*Sy slaan sekuur en weerligsnel*
*Dan styg wilde-affie en kla*
*Terwyl die toetse en die punt*
*Haar stil maat kant toe dra . . .*

*Styg teen die trappe op en roep*
*Ver oor die rooi dak haar verdriet*
*Terwyl die skool haar willoos sleur*
*Met die wilde wekroep van sy lied.*

*Na grys-grou klasse lok hy haar*
*Harde houtbanke waar daagliks loom*
*Die verliefdes en die verlore*
*Agter vergete boeke sit en droom . . .*

*Na wye vlaktes van die hokkieveld*
*Waar die groot groepe, moeg*
*en hygend in die môreson*
*Soos swakkes rondval en swoeg.*

*Sy klas en swerwe tot die pyn*
*Haar nooit oorwonne vrees verdring,*
*Dowwe slag van haar voetstap*
*Al nader en nouer kring.*

*Die onnie slaan met die genadehou*
*Diep uit haar hart*
*En met die laaste eggo's sterf*
*Die wilde-affie se smart.*

**(Met apologie aan G.A. Watermeyer)**

# AFFIE TOP-TWINTIG

1. Mev. Bester : Someday Baby
2. Mnr. Bezuidenhout : Red Rubber Ball
3. Mnr. Blaauw - I'll come running
4. Mnr. Booysen : My eyes your eyes . . .
5. Mnr. Bosua : Dogs
6. Mev. Botha - Sunshine on my Shoulder
7. Mnr. Calitz : Wat maak oom Kallie daar??
8. Mnr. Deichmann : Oh Very Young
9. Mnr. Ferreira : I am a clown.
10. Mnr. Grobbelaar : Angelface
11. Mnr. Langley : O ek het 'n Perd . . .!
12. Dr. Minnaar : Daydreamer
13. Mnr. L.N. Pretorius : Shot Down
14. Mnr. Roesch : Die Padda wou gaan opsit
15. Mnr. Teichler : Tigerfeet
16. Mnr. J.P. Uys : Man for all Seasons
17. Mev. van Vuuren : I'm on Fire.
18. Mnr. van Vuuren : One and One is One.
19. Mnr. van der Westhuizen : Hey fatty Bom-Bom
20. Mnr. van Wyk : Smoke on the Water


# HOEKIE VIR ONS EENSAMES




HOOF-INDOENA is fyn en bedeesd maar met apologie aan Jan F. Cilliers se Boerenooientjie is haar "gedagtes so wyd soos die velde". Kenossie is los voor op haar lys maar enige iemand wat in sy hondespore wil volg is baie welkom. Sy hou van die druiwe rondom Stellenbosch en die ouens wat wil skryf moet asseblief haar belangstellings deel.




SUPERBIA VAN LYNNFOREST is 'n klein bietjie womens libberig. Sy dra kort geknipte hare en wil haar loopbaan in 'n uniform voortsit. Ouens wat "Philemon en Baucis" van Ovidius sonder moeite kan vertaal, is meer as welkom om hulle korrespondensie in Latyn te voer.



JEANS-ON van AFFIELAND hou baie van die afro-haarstyl en was mal oor Shane op TV. Almal bokant 70 jaar is baie welkom om te skryf en ouens wat kan Wiskunde doen, sal 'n groot voorsprong bo die ander hê. Die beslissing van die beoordelaars is finaal en geen verdere korrespondensie sal daarna gevoer word nie.



MEERMIN van die ONDERWÊRELD hou van seegras en chloorwater tweebenige blonde visse. Sy het die gouelokkieskompetisie in kleuterland gewen en enige amfibiese ou tussen 8 en 10 jaar wat belangstel in netbal, is welkom.



TEVREDE van STELLENBOSCH skryf sy hou van ouens wat sportmal is en wat 'n spaniël met swart en wit kolle kan waardeer. Sy is 6 voet en 14 duim en vra ons moet spesiaal klem lê op haar bene van 6 voet 3 duim. Almal van 8 tot 80 jaar is baie welkom om te skryf solank hulle net manlik is.



KAKTUS van NAMIB is mal oor ouens wat van katderms Dunlob raketsnare kan maak. Sy het die pragtige lengte van 3 voet 3 duim en speel partykeer met hokkieballe. Enige ou wat langer as 'n tenisraket en korter as 'n hokkiestok is, mag skryf. Daar is egter een vereiste: Hy mag nie wollerig wees nie.

SONJA HAROLD van NOORDKRANS hou van ouens wat kan blomme rangskik en Schubert se Onvoltooide Simfonie sal voltooi. Sy het vreeslike groot oë en 'n blonde krulledos. Enige ou tussen 3 en 5 jaar wat nie kan sing nie, is baie welkom om te skryf.



NUUSKIERIG van WONDERWORTEL se stokperdjies is hokkie en slap chips. Almal bokant 3 maande is welkom om te skryf en ouens wat kan sing en skei-nat kan regop draai, sal voorkeur kry.



IDENTIESE HELFTE is 'n blondekoppie van net bokant Groendiepte wie se stokperdjies hokkie en toffies is. Ouens tussen 10 en 11 jaar kan skryf en die wat haar met haar suster gaan verwar, moet asseblief nie korrespondeer nie.



BALLERINA van GROENDIEPTE se stokperdjies is drama. Enige ou wat saamstem dat die kok in "Uplifting Sadie" verontreg is, is baie welkom om te skryf. Ouens wat "Jet-aime" kan verstaan, sal voorkeur kry.

**ONDERHOUD**

# CAREL TRICHARDT en PETRO WESSELS



**Stroom-op het onlangs 'n onderhoud gevoer met die welbekende en beminde Carel Trichardt en Petru Wessels (mev. Trichardt). Hierdie gawe en spontane mense het ons dadelik tuis laat voel. Hulle het opreg, eerlik en met oorgawe ons vrae beantwoord.**

Aan mev. Trichardt: „Waar is u gebore, het u skoolgegaan en opgegroei?"

„Ek is in Northcliff (in die Transvaal) gebore. As klein dogtertjie is ek Kaap toe en het ek daar begin skoolgaan aan die Van Riebeeck Laer- en Hoërskole. Later is ons na Kimberley en ek het aan die Oranje-Meisieskool in Bloemfontein matrikuleer."

Mnr. Trichardt: „Ek is in Johannesburg gebore en het gematrikuleer in Lydenburg. Ek het, net soos Petru, ook aan die Natalse Universiteit my verdere opleiding ontvang."

**„Hoe het dit gekom dat u in die toneelwêreld beland het?"**

Mev. Trichardt: „Ek wonder self soms; indirek dink ek, het my ouers 'n groot rol gespeel. My ma wou verskriklik graag toneel speel, en ek sê altyd sy sou 'n baie beter speelster as ek uitgemaak het. My pa was in die Kaap baie gemoeid met amateurtoneel, maar nie as speler nie. Hy het gehelp met die administrasie van KAT (Die Kaapse Afrikaanse Toneelgeselskap). Hier en daar het ek 'n bietjie ingeskryf en Jannie Gildenhuys het my bv. beoordeel toe ek „Die Kleine Maia" voorgelees het. Ek was altyd trots as ek na my ma kon verwys as hulle my vra wie my onderwyseres was. Sy het my baie gehelp. Ek dink daar is iets wat by 'n mens posvat as jou ouers geesdriftige teatergangers is."

Mnr. Trichardt: „Ek was van kleins af mal daaroor en het maar altyd daarin belanggestel."

**„Van watter rolle hou u die meeste om te vertolk?"**

Mev. Trichardt: „Dit is 'n moeilike vraag. Op skool het ek Kitta Redelinghuys in „Johanna, soldaat van God" gesien en ek was só beïndruk met die rol en met haar spel, dat ek nog altyd die rol wou speel. Ek geniet werklik enige rol, maar verkies komiese rolle."

Mnr. Trichardt: „Elke rol het tog sy eie uitdagings – ek hou baie van komedie en dramatiese rolle."

**Waar het u mekaar ontmoet?))**

Mev. Trichardt: „By die Universiteit van Natal waar ons albei studeer het."

Mnr. Trichardt: „Ek het gehoor daar het 'n vreeslike mooi meisie met 'n pragtige profiel aangekom. Ek het haar gebel en na 'n ruk het ons begin uitgaan."

**„Watter stuk was die moeilikste om in te speel?"**

Mev. Trichardt: „Die moeilikste, in 'n sin, was die rol van die meisie wat op 50 verskillende maniere moes lag in „Die jakkalsstreke van Scapino."

Mnr. Trichardt: „Elke rol het sy eie probleme, maar ek dink in Shakespeare is daar van die moeilikste rolle. Ek moes bv. ‚Shylock' speel en ‚Calliban' in ‚The Tempest' en dit is moeilike rolle."

**„Is die instudeer van karakters baie ingewikkeld en hoe gaan u te werk?"**

Mev. Trichardt: „Elke akteur het sy eie manier van werk. Sommiges werk van buite af na binne terwyl 'n ander weer van binne na buite werk. Daarmee bedoel ek sommige akteurs kry vir hulle 'n fisiese beeld van 'n karakter. Die ander weer werk vanaf die teks en vind dit daarin. Ek persoonlik is baie lank gemoeid met my teks. Ek probeer alles verstaan. Ek kan nie iets speel as dit nie verstaan nie. Ek probeer werklik verstaan wat die persoon sê en waarom hy dit sê. Hierna eers kyk ek na die fisiese beeld, hoe lyk die persoon, sy hare ens. Dit bly baie harde werk.

Mnr. Trichardt: „Ek kry vir my 'n beeld van die karakter in my gedagte. 'n Mens hoop dan maar soos jy werk, dat jy uiteindelik, by die beeld uitkom. Daar is geweldige polemiek oor watter persentasie tegniek en emosie 'n speler moet hê. Ek plaas dit so hoog as 60% emosie en 40% tegniek. Die akteur is soos 'n beeldhouer in sneeu – hy skep vir 'n moment en daarna is dit weg. 'n Akteur speel nooit presies dieselfde van aand tot aand nie."

**„Is daar 'n rol wat u nog nie vertolk het nie, maar wat u baie graag sou wou vertolk?"**

Mev. Trichardt: „Ek speel op die oomblik so min, ek dink enige rol sou in werklikheid lekker wees om te speel."

Mnr. Trichardt: „Ek sou graag bv. in 'n Shakespeare Geselskap wou wees sodat ek dan al die rolle kan vertolk. Shakespeare bied soveel uitdagings. Ek dink tog in Shakespeare sou ek die graagste nog rolle wou speel."

**„Het u enige raad vir die jong entoesiaste van die toneelkuns? Hoe moet hulle te werk gaan?"**

Mev. Trichardt: „My raad is dat hulle moet onthou dat dit ontsettende harde werk is. Die sogenaamde „glamour" is minimaal en jy kan nooit ophou werk nie. 'n Mens moet aan jou



**Begin noú daarmee. Die Kaptein Caprivi resep! Dis wiskundig uitgewerk.**

stem, jou bewegings ens. werk.

Mnr. Trichardt: „'n Toneelspeler behoort aan die die publiek en toneelspeel is 'n tipe werk. Dit verg baie harde werk en jy moet geweldige self-dissipline hê. Hulle moet soveel teater bywoon as moontlik, om te sien hoe die dinge gedoen word, hetsy goeie of slegte teater, hetsy amateur of professioneel. Hulle moet ook sovéél as moontlik lees aangaande skrywers en die teater, en natuurlik politiek en sport sodat hulle 'n algemene oorsig kan hê van wat aangaan.

„U het nou so gepraat van lees. **Lees u dikwels die kritiek wat oor u, of die toneelstuk waarin u gespeel het, geskryf word?"**

Mnr. Trichardt laggend: „Dis 'n baie goeie vraag daardie. Een van die dinge wat jy moet aanvaar is dat teater anders is as bv. film- of televisiewerk, want jy kan nooit in 'n teater buite jouself staan nie. En nou kom één persoon en één persoon hou nie van jou nie, hou nie van die stuk nie, hou nie van die regisseur of sy benadering tot die werk nie en hy skryf 'n negatiewe resensie. Nog 'n ding wat ek verwerp is die tipe opleiding en agtergrond van die mense. Baie van die jong verslaggewertjies waai, na 'n rugbywedstryd, by die Breytenbach in en dan wil hy gou 'n resensie skryf. Hy't nie 'n idee waaroor dit gaan nie of van die agtergrond van die stuk, van die periode waarin dit afspeel, van die spelers, hulle ontwikkeling of nie ontwikkeling nie. Nog 'n snaakse ding is dat die Afrikaanse koerante dikwels meer krities en afbrekend is as die Engelse koerante, wat meer objektief is. 'n Speler moet net besluit hoe is ek ingestel en wat is my houding? Gaan ek my laat wegsleur deur een slegte krit, want as daardie krit uitkom die aand en hy sê vir jou jy is absoluut verskriklik, jy moes nooit op die verhoog gewees het nie, alles wat jy doen is verkeerd, dan moet jy desnieteenstaande daardie aand op die verhoog gaan en verder speel.

**„Wat was tot dusver die hoogtepunt in u loopbaan?"**

Mev. Trichardt. „Wat ek verskriklik geniet het was die rolprent „Salomien", waarin ek as Salomien gespeel het. Ek dink nie ek het nog ooit op die verhoog so 'n rol kon vertolk nie. Dit was vir my wonderlik. Daardie hele inlewing in die rol. Dit is die enigste rol wat betref filmwerk wat vir my werklik betekenis ingehou het. Net om daardie gevoel te kry van so 'n persoon wat vir 'n lang tydperk in 'n sel opgesluit is, in 'n wêreld van haar eie, miskien ook omdat dit van jou 'n hele nuwe benadering geverg het."

Mnr. Trichardt: „Ek dink op een of twee na was ek gelukkig om al Tjekou se stukke te speel. Shylock was vir my baie lekker. Ek dink wat die regiekant betref, sou ek graag daar wil noem: „Kinkels in die Kabels" en ook 'n produksie wat ek in die Vrystaat gedoen het: „Hondsegedagte."

Mev. Trichardt: „Ja, ek het ook daarin gespeel en dit baie geniet. Wat van „Burgermeester" onlangs op Televisie?"

Mnr. Trichardt: „Nee wat, ek sou nie so sê nie. Dan is daar nog 'n stuk, wat nog nie vrygestel is nie, maar wat ons die vakansie geskiet het. „Bart Nel". Dit was vir my 'n hele ervaring.

**„Hou u daarvan om saam te speel in 'n toneelstuk of verkies u om liewer nie saam te speel nie?"**

Mev. Trichardt: „Ek geniet dit baie. Dit gebeur vir my net te min. Of hy is die oupa en ek die kleindogter. In „Koopman van Venesië" was hy Shylock en ek Portia, maar ons het nog nooit werklik saamgespeel soos bv. in „Die Burgemeester" nie. Ons het lekker saamgewerk en ons het aanvoeling gehad."

**„Ons koerantjie se naam is *Stroom-Op*. Dink u dat dit die hedendaagse jeug simboliseer?"**

Mnr. Trichardt: „Ek's mal oor vandag se jeug."

Mev. Trichardt: „Ek dink dit hang af wat die vrydefinisie van **stroom-op** is. Ek onthou as kind, as iemand vir jou gesê het jy is stroom-op, het dit nie 'n baie vleiende betekenis gehad nie. Maar ek het 'n geweldige bewondering vir die jongmense van vandag. Natuurlik nie almal nie, maar ek bewonder hulle, ek beny hulle, ek dink hulle het soveel meer kennis in pag, hulle is soveel meer selfversekerd, of anders, as hulle dan nie is nie, dan lyk hulle so. Ek dink hulle benadering is veel meer opreg en veel meer eerlik as toe ek 'n kind was.

Mnr. Trichardt: „Ek dink op die oomblik moet die jeug net versigtig wees dat hulle nie selfgenoegsaam raak nie. Ek sien dit by sommige van die studente. Ek dink die tyd van rustig sit is verby. Daar moet werklike erns wees. Maar ek is seker dat as die tyd sou kom, dat hulle hulself moet bewys, hulle die nodige krag en verantwoordelikheidsbesef sal hê. Ek dink die verantwoordelikheid op die kinders van vandag is baie groot.

(onderhoud verkort)

Erna Jansen, Sanet Steyn.

# *ONS VRA RAAD*

1. Boeboe van Kenossievlei het 'n groot probleem. Sy dieet nou al van Helpmekaar af aangesien sy die prins op sy wit perd van kamera tot aangesig ontmoet het. Aangesien sy reeds tien kilogram verloor het, wil sy weet wat is die volgende stap tot lewensgeluk.
2. Gertruidatjie is 6 voet en verlief op 'n st. 6 wat 5 voet lank is. Sy is in matriek en die manlike st. 6 is in Seuns Hoër. Gertruidatjie wil weet of dit 'n abnormale geval is en of haar oordrewe moederinstink iets daarmee te doen het.

# HOEKOM TOG SO OPGEWONDE

**Dit was asof jy 'n miervreter naby 'n miernes bring toe mej. Holtzhausen ons een oggend in die saal vra om elkeen 'n trui vir 'n Christenkind in die kommunistiese lande te bring. Die snaakste en partykeer meer verregaande gerugte het begin versprei.**

Eers was die moeilikheid dat ons weier om truie aan kommunistiese kinders te gee terwyl ons eie Bantoekinders ook truie nodig het, toe was dit weer dat dit nou somer word in die noordelike halfrond en waarvoor dan die truie? Dit is ook so dat die Internasionale Rooikruis wat uiteindelik die insameling beheer, ook die terroriste help in hulle ondermyningsveldtog teen Suid-Afrika en daar is ook vir ons gespesifiseer dat dit juis nuwe truie moet wees, maar slaan ons nie die bal 'n bietjie mis nie? Ek sê nie gee 'n trui of moenie een gee nie, maar dit bring mens op 'n baie interessante maar ook 'n uiters delikate onderwerp. Wat is liefdadigheid?

Volgens Christelike oortuigings is dit 'n deel van jouself en 'n deel van jou besittings wat jy moet gee aan mense wat dit nodig het. Liefdadigheid het niks te doen met die ontvanger daarvan nie, dit het egter alles te doen met die gewer daarvan en die gesindheid waarmee dit gegee word. Of dit nou is aan kinders van ons eie volk in kinderhuise of aan 'n kind wat ook deel van ons is omdat hy 'n Christen is, dit bly 'n liefdesdiens wat ons as burgers van 'n land met 'n Christelike georiënteerde regering en ook as Christene móét verrig.

# LEIERSKURSUS 21 en 22 JAN. 1977

**Vrydagaand het Dr. Louw Alberts, die vise-president van die Raad vir Atoomkrag, vir ons 'n toespraak gelewer oor "Strategie vir die Lewe". Dr Alberts het gesê dat ons 'n doel of 'n mikpunt in die lewe moet hê. Ons moet hulle dan in volgorde van prioriteit rangskik, beplan hoe ons, ons mikpunte kan bereik en dit dan probeer uitleef.**

*Ek haal graag 'n interessante deeltjie uit sy toespraak aan: „When 'n boy brag that he is smoking, tell him that it isn't he who is smoking; it's the sigarette that is smoking – he is just the sucker behind the sigarette".*

*Die Leierskursus het 'n hele nuwe vorm aangeneem: die vorm van groepbesprekings. Saterdagaand het ons in groepe verdeel en oor „die S.A. Jeugstandpunte in die Sewentigs" en „Die jeug se betrokkenheid in sy leefwêreld", geredekawel. Daar was baie interessante besprekingsvrae, waaroor ons natuurlik ook ons klein ou verskilletjies gehad het en elkeen het oorgenoeg kans gekry om sy sê te sê.*

*Ons het o.a. ook oor die leemtes in die verenigingslewe gepraat en tot die slotsom gekom dat ons elkeen maar eers die balk uit ons eie oog moet haal, voordat ons die splinter in ons medemens se oog soek.*

*Kom nou Affie, gooi jóú gewig ook in en ons sal Affies se verenigingslewe sommer baie verbeter!*

## VERVOLGVERHAAL

# WAAR DAAR 'N WIL IS

„Debbie?"
„Hmm?"
„Glo jy aan Miss Hönck se ,love at first sight'?"
Ek kyk haar skeef aan „Nee".
Sommer so. Ek sê dit sonder om my oë 'n oomblik van die spieël af weg te draai.
„Luister Annetjie, dink jy nie ek lyk mooi met my hare só nie?"
Uit die hoek van my oog merk ek op hoe sy haar vervies.
„Luister Debbie, jy wéét dit, maar ek het vir jou 'n vraag gevra." „En ek het née gesê. So eenvoudig is dit of het jy verwag ek moet sê ,Ja Annetjie, ek glo daarin, my prins op die wit perd sal een aand onverwags . . ."

Sy loop woedend by die kamer uit. Ek los my hare en sak moedeloos op my bed neer. Hoe kon ek häar vertel dat ek wel daarin glo? Sy sou onmiddellik besef hoekom ek die laaste tyd so anders is. Sy sou lag omdat ék, Deborah de Villiers, nie die ou kan kry wat ek wil hê nie. Miskien moet ek van vooraf begin . . .

Dis Interhuis. Wetende dat ek amper laat is vir my item, hardloop ek met 'n vaart wat Paul Nash se oë by sy ore sou laat uithang in die rigting van die hoogspringpale. Meteens doem 'n figuur met 'n Affiehemp voor my op en ek probeer vinnig uitdraai. Verniet. Die volgende oomblik sit ek soos Boedha op die grond met 'n papierglasie op my kop terwyl 'n stroompie ,Coke' langs my gesig afkabbel.

„Kan jy nie kyk waar jy hardloop nie?"

Ek kyk woedend op na die stem, maar die selfvertroue wat so eie aan my is, verdamp net daar. Hier voor my staan die twee groenste oë wat ek nog ooit gesien het. Ek voel soos Miranda in „The Tempest" toe sy vir Ferdinand gesien het. „Luister George," „my geliefde vriend Dawie, staan skielik by hom, dis 'n dekselse voorreg om so 'n vroumens voor jou voete te hê."

„Gmph, seker net so 'n voorreg om jou ,Coke' op haar hare te laat val. Hoe wonderlik! Skone dame, kan ek u dalk ophelp?" Hy lag spottend.

Half in trane staan ek op en hardloop na die hoogspringpale. Die „Coke" word hard in my hare, maar ek gee nie om nie. Iets eienaardigs het met my gebeur. Ek is te laat vir my item, dis ook maar totdaarnatoe - niks maak meer saak nie. Oppad kleedkamers toe, loop ek my vas in Annetjie.

„Mens, kyk hoe lyk jy! Het jy geval?"

„Nee, ek lyk maar elke dag so."

Daardie aand lê ek en huil. Sommer net sonder om te weet waarom, totdat ek geskok regop sit. Ek, Deborah de Villiers, is verlief. Halsoorkop mal verlief op iemand met groen oë en 'n kleinseuntjielag.

Die volgende dag probeer ek vir Annetjie uitlok: „Ken jy dalk 'n kreatuur ene George watsegoed . . ." Sy kyk my skeef aan. „George de Beer?"
„Hmm."
„Jaaa, hoekom?"
„Vra net."
„O." sy bly 'n rukkie stil. „Luister Debbie, ek weet nie wat is jou idee nie, maar mieskien moet ek jou in kennis stel. Hy sleep met 'n Linda-vroumens en sy is erger oor hom as 'n erdwurm oor sy vyf harte."

„Man, ek wil net weet, ek wil hom nie vang nie."

„Wel met sý oë en 'n prefektebaadjie daarby is hy nogal 'n vangs hoor. Dawie is nie 'n „patch" op hom nie."

Ek lag. „Los jy maar vir Dawie uit. Hy is dood goed."

„En goed dood."

Dinsdag bel Dawie my. „Kom jy saam met my debat toe?"

„Nee".

„Ag Debbie is dit al wéér sulke tyd?" Goeie ou Dawie. Hy ken en verstaan my so goed. As die ,hero' van Affieland my ,date', lag hy maar totdat alles oorgewaai het - dit is wat hy bedoel met „alweer sulke tyd."

„Verkeerd geraai."

„Nee, maar dan is dit reg, kom jy Saterdagaand saam met my ,paartie' toe?"

„Jy's dikvellig hê?"

„Net so."

Ek lag, „Nou maar goed maar wie's ons?"

„Aag ek en jy en jy en ek en ons twee saam en . . ."

„En . . ."

„Verrassing". Dawie is mal oor verrassings. As hy nie met 'n bos rooi rose by my aankom nie, „leen" hy by die tannie langsaan 'n madeliefie.

Nou moes Annetjie haar op hierdie Vrydagmiddag nog wip ook. In elk geval; daar is nou al vyf dinge wat ek van George weet: Hy't groen oë, hy sleep, hy's prefek . . .Hy't nogal 'n paar pitte in sy kop en helaas - hy is 'n mansmens en moenie vir my vertel enige mansmens is bestand teen 'n vasbeslote matriekdogtertjie nie.

George is egter nie die aand by die debat nie. Met 'n lang gesig luister ek hoe vyf van Seunshoër se prisoniers stry wie van hulle vrygelaat moet word. Toe is dit pouse. Iemand raak aan my arm „Is jy Debbie de Villiers?" 'n St. 6 seuntjiegesig kyk my nuuskierig op en af.

„Ja."

„Wel 'n ander ou het gesê ek moet dié vir jou gee en sê jy moet tog s'blief nie mors nie." Hy stop 'n glasie coke in my hand en op my vraag wie die ,ander ou' is, antwoord hy onskuldig „Weet nie". Hy kyk half ongemerk rond en sê dan vertroulik. „Hy't gesê ek bars as sy meisie dit agterkom."

Toe weet ek en ek lag. Die aand breek soos 'n bloedrooi granaat oop.

Saterdagaand kom haal Dawie my vir, soos hy dit noem ,die paartie'. Ek lag toe hy sê ek lyk amper soos 'n dame omdat 'n swart langbroek met 'n wit en rooi T-hempie nie juis my idee van 'n dame se kleredrag is nie. By die ,paartie' aangekom, klap iemand Dawie op die rug. „Hey, ons het al begin dink julle het van moeder aarde af verdwyn!" My hart mis 'n paar slae. Hy staan hier voor my met sy blou ,jeans' en 'n groen en blou hemp. Toe ek opkyk, lyk sy oë amper blougroen. George. Langs hom staan 'n stuk hoogmoed met 'n wit langbroek, pikswart hare en 'n rooi bloes. Seker Linda, en al moet ek dit erken - sy is nogal (ek sê nógal) mooi. George groet my en stel Linda aan ons voor. Hulle twee was toe Dawie se sogenaamde verrassing.

Die musiek begin speel en almal dans. Na 'n rukkie kom ek agter dat Dawie tjoepstil is. „En nou?"

„Nie ,en nou' nie Debbie. Luister ek sê jou nou-al - as jy nog nooit jou kop gestamp het nie, gaan jy dit doen as jy so aanhou. Los vir George de Beer uit."

Ek kyk verskrik op. „Ag maar jy's lekker mal. Waar kom jy daaraan?"

Hy lag skeefweg „Jou oë spreek boekdele."

Die aand lyk skielik grou en ongenaakbaar. Teen 'n vensterruit staan 'n ou en 'n meisie bymekaar. Die musiek gooi sy klanke skel teen die mure vas. Ek voel ouer as sewentien. Terwille van Dawie probeer ek my regruk. Dit is terwyl ons op „Simple Simon said" dans, dat ek bewus word daarvan dat iemand my dophou. Ek kyk op. Vir 'n breukdeel van 'n sekonde is dit net ek en George en die vrae in sy oë wat bestaan, dan kyk hy weg en begin met Linda dans. 'n Rukkie later kom staan hulle by ons.

„Dans Debbie? Of is jy bang jy slaan dalk weer voor my voete neer."

Ek lag half verleë en ignoreer Linda se vies gesig terwyl Dawie se woorde van netnou tog in my kop rondspeel. Dawie wat gesê het „Hulle twee is gewoond aan mekaar meisiekind, en 'n mens leer nie maklik 'n gewoonte af nie.

Die plaat begin draai.

„I won't give up."

George is stil, ek gee nie om nie, alles is sommer net mooi. Amper 'n seermaak mooi.

„I won't give up my dreams
I'm gonna take my chance
because I know
there's someone in this world
who won't give up 'till she's
holdin my hand"

Hy kyk op. „Jy's mooi weet jy?"

Ek lag verleë. „Ek dink nie Linda voel so nie."

„Luister mens jy sal nie verstaan nie maar ek is lief vir haar. Debbie, kan ons nie maats wees nie s'blief? Ek wil net nie hê jy moet later sê ek het jou vanaand onder die verkeerde indruk gebring nie." . . . „somewhere in this world of loneliness I won't give up . . ."

Ek knik half willoos. Ek glo nie ek het juis 'n keuse nie. Ek verstaan dit nie, ek verstaan niks. Dis die eerste keer in my lewe dat 'n ou soiets vir my sê, dat ek nie die ou kan kry wat ek wil hê nie. Maar die lewe is lank. Waar daar 'n wil is . . ."

*word vervolg*







# REG EN GEREGTIGHEID

**Die Afrikaanse Hoër Seunskool is in 1920 in Pretoria gestig met een doel voor oë: om reg en geregtigheid te laat geskied in soverre dit die Afrikaanse taal op onderwysvlak betref.**

Die jeug is die boustene van 'n nasie. Daarom moet die jeug, wat die tradisie van die Afrikanernasie aanbetref, dit wat deur hulle voorvaders met moeite bereik is, met sorg bewaar, dit deur dik en dun handhaaf en altyd daarop voortbou.

Die Afrikanerjeug in ons stede kan allermins bekostig om enigsins voor die magtige Engelse taal in al sy fasette te swig. Daarom moet ons steeds probeer om dit wat suiwer is van ons nasie, ten alle koste suiwer te hou.

Die Afrikaanse Hoër Seunskool se geskiedenis is sinoniem met die geskiedenis van die Afrikaner en in die besonder van die Afrikanerjeug in Pretoria. Maar, is ons met al ons waardevolle skool- en taaltradisies, nie dalk besig om dit wat ons voorgangers probeer opbou en wel opgebou het, af te breek nie? Verraai ons nie dalk ons eie identiteit, nie so seer as witmense nie, maar as Afrikaners deur in 'n mindere of meerder mate Engelse uitdrukkings binne-in ons eie moedertaal in te vleg met die gedagte dat ons nou beter is as die Afrikaner wat sy eie taal en tradisies ten alle koste in ere hou nie? Waarom sing ons dan bykans die helfte van ons sportliedjies in 'n ander taal, terwyl ons tydens 'n amptelike saalopening te vroom is om 'n woord in Engels te uiter? Dit is tog nog by dieselfde skool en deur dieselfde kinders. Waarom maak ons dan 'n verskil tussen die twee geleenthede? Is dit dan nie verraderlik teenoor en ontrou aan ons eie pêrel van groot waarde, ons Moedertaal, Afrikaans nie?

Dié vrae en andere, sowel as hul antwoorde gaan ons in die toekoms knel indien ons nie ons oë uitvee, ons traak-my-nie-agtige houding vir die verraaier van sy moedertaal agterweë laat nie en die onheiligehede, wat kop uitsteek, hokslaan nie.

Die oplossing is eenvoudig: hou jou taal in ere.

Die uwe

**B.J. du Plessis St. 8E**

# HOEKOM?

Geagte Affiena!

Aangesien ons in 'n tyd van inflasie lewe en ons, ons daarvoor moet beywer om geld te spaar, wil ek, en ek is seker daarvan nog 'n hele paar matrieks, graag weet of die standerd sesse die volle R1 gebruik het om hul „besmeerde" klere skoon te kry. Indien nie, stel ons belang om te weet wat met die orige geld gedoen gaan word!

Baie dankie

**Smerende Matriek**

# PREFEKTE

Geagte Affies!

Ek voel dat dit my nederige plig is om 'n paar vrae i.v.m. 'n duistere sakie te stel. Hierdie is geen netelige saak nie, maar wel een waarby baie van ons, asook baie van ons se naasbestaandes betrokke is: die kwessie van groter erkenning van koshuisprefekte.


Dit is geen geval dat ek antiskoolprefek en pro-koshuisprefek is nie, inteendeel, die skoolprefekte het my grootste respek en eerbied. De vrae wat daar egter by my opgekom het, is wel van so 'n aard:


1. Sou dit nie 'n goeie idee gewees het om ook 'n ererol vir koshuisprefekte in die koshuis se voorportaal te laat pryk, soos wel die geval in die skool is?
2. Met die vele geselllighede wat vir die prefekte gereël word, sal die koshuisprefekte nie onmiddellik by die skool ingeskakel voel as hulle daaraan kan meedoen nie?
3. Is daar enige rede waarom die hoofmeisie van die skool in die koerant kan verskyn na haar verkiesing, terwyl die koshuishoofmeisie buite rekening gelaat word? Sy staan tog ook haar plek net so vol as leier van 'n instansie, (in die geval 'n koshuis) as enige ander skoolhoofmeisie.


**Pro-Koshuisprefek.**


# TERUGBLIK OOR DIE TERMYN



















OUBAAS PETOORS



SOPPIES



BABY DEICHMAN



MATROSIE MOSTERT




DAISY ACKERMAN




VARKIE

# SPORTFOKUS




Wat gaan nou aan?




'O die pyn-gedagte




Die mal wetenskaplike.




Fiedel is voor.




Nico Hager.




The dirty eight.



Rudolph Pretorius.



"Nou Nico!"




"Slabs".



David Keyser.



Hier is ek ook.



Wat opgaan moet afkom!




Ritmeester.




J.C. – Jou tier!



Ons het hom!



Vat so Doepies!



Dit is om van klassiek te word.

ORB


# ALBIE BATES SPORT

Verskaffers van:
1) Skooldrag
2) Sportdrag
3) Sportuitrusting
4) Alle ander sportbenodigdhede
20% Kontantkorting op Skooldrag

**NEDBANK PLAZA BURNETTSTRAAT HATFIELD**

# ONDERSTEUN OOM ALBIE

# VOORTREKKERS




## KOMMANDO VERNOEM NA 'N OUD-AFFIE

Die 67ste kommando van Pretoria naamlik die „Bill Krüger" van Pretoria-Noord Hoërskool, is vernoem na 'n oud-Affie wat in 1940 matrikuleer het. W.P. Kruger of te wel, Oom Bill soos die Voortrekkers van Transvaal hom ken, is reeds al 38 jaar aan die beweging verbonde. Soos baie ander, het hy as jong Voortrekker begin. Deur die jare word hy 'n veldkornet, later onder-kommandant en tans is hy die kommandant van die kommando „Jan Lombard". Op die gebiedsbestuur het hy gevorder van onder-gebied-sekretaris tot gebiedsleier van Transvaal. In sy Voortrekkerjare is verskeie ordes aan hom toegeken.

W. Jacobs

## Landsdiens

**Dat meer siele meer vreugde beteken, weet ons almal. Ons Landsdieners is 'n handjievol, maar dit het ons nie verhoed om die afgelope trimester 'n mandjievol pret te hê nie.**

Sonskyn, reën en modder kon ons nie daarvan weerhou om kapperjolle in die tuintjie te maak nie. Elke Donderdagmiddag, na skool, het ons gewapen met grawe, vurke en emmersvol moed 'n hewige aanval teen die slakke en onkruid geloods.

Die pret het nie net by die wrede ontworteling van die bossies gebly nie, maar ons het ook 'n lekker kamp bygewoon. Die kamp was vanaf 4 tot 6 Maart. Twee dae van pret, sing en malgaan sonder sorge - dit alles vir 50c. Dit is 'n bewys dat in dié tyd van inflasie 'n mens nie anders kan as om aan die Landsdiens te behoort nie.

Enige Affie wat by die Landsdiens wil aansluit is baie welkom, veral as jy daarvan hou om te sing. Ons sing baie en ons sing lekker en ons sing enige iets - van „Kattebazaar" tot „Net soos 'n waterstroompie".

Affies kom voeg julle siele by ons klub, want hoe meer siele, hoe meer vreugde en feeste.

AHMPIE LANDSDIENSKLUB.

## Hoe lyk dit, Affies?

**Verlede jaar is daar in Stroom-op begin met 'n rubriek vir Voortrekkers. Dit stel ons in staat om vir almal te kan vertel wat ons aanvang. Dit sal die jonger Vories ook help om uit te vind wat op kampe met hulle gaan gebeur.**

Hier is baie kinders in die skool wat Voortrekkers wil word, maar daar is ook 'n paar wat vol kritiek is oor iets waarvan hulle niks weet nie. Die beste stuurlui staan op die wal, of hoe? Ons het juis nou 'n gulde geleentheid om hulle te wys wat ons regtig doen.

Vir die Joernalistiek-kenteken moet jy 'n beriggie vir 'n blad skryf. 'n Berig in hierdie rubriek is mos nou 'n ideale plek om jou joernalistiek talent te bewys. Skryf oor kommandonuus, Westfalia, Lunsklip, die vlotvaart of 'n spannende nagmars. Wat dink jy van die nuwe uniform. Is jy tevrede met deesdae se spanname? Wat dink jy van een kommando net vir ons twee skole?

Kom jong, raak ontslae van jou griewe en soete herinnerings in hierdie rubriek!

WILMA NIESING.

## Julle sal verbaas wees...!

„Behoort jy aan die Voortrekkers? Oooo! . . ."

Hierdie skeptiese, snobistiese opmerking moet ons Voortrekkers dikwels aanhoor, want min van julle weet wat ons regtig doen. Voortrekkers is nie net uniform aantrek en die Stem sing nie.

Deur aan die Voortrekkers te behoort het my algemene kennis geweldig uitgebrei, van dinge soos eetbare veldplante tot die beginsels van lugvaart.

Ons is egter glad nie 'n beweging vir verdere akademiese opleiding, soos die bostaande paragraaf miskien kan klink nie. Ons het gereeld sosiale géleenthede en ook heerlike kampe. Ons kry op hierdie kampe kans om die natuur prakties te leer ken en breek terselfdertyd sorgeloos weg van die stad. Hier maak ons maats met kinders van oor die hele Transvaal.

Daar is nog baie dinge, waarvoor ek nie plek gegun word nie, wat ons besig hou. Julle sal verbaas wees wat ons alles doen. Gaan sluit net aan by die naaste kommando. Sien julle daar!!

'n Verkenner, Christiaan De Wet Kommando

# NAGMARS

**Wes Groepe vergader by die bus. Bevele word gegee en die bus vertrek na die beginpunt van die Nagmars. Gou word daar 'n vuurtjie saamgepak by die rivier waarvandaan ons wag om te vertrek. Elke half-uur vertrek 'n groep wat gemiddeld uit vyftien persone bestaan.**

Die eerste groep, bestaande uit seuns, beweeg om 11.30 uit die ligte van die vuur die koue, donker nag in na die offisier toe wat die bevele gee. Ons beweeg al langs die treinspoor af en moet uitkyk vir 'n lig. Na 'n rukkie sê die laaste persoon dat hy 'n ligskynsel vorentoe gesien het. Daar word terug beweeg en die eerste punt waar ons moet aanmeld word onder die spoor ontdek.

Van hier af beweeg ons na die tweede punt toe. Die pad wat ons moet volg gaan deur 'n moerasagtige plantasie. Ons was nog aan die beweeg toe daar skielik 'n leeu aan die een kant van ons grom. Soos een man val almal plat. Nie een waag dit om asem te haal nie. Na 'n rukkie hoor ons 'n gegiggel afkosmtig van die plek waar die leeu gegrom het. Verlig en asvaal van die skrik staan ons op (ons het later gehoor dit was 'n bandopname van 'n leeu wat grom wat in 'n blik gesit is.)

By die derde punt word daar 'n flitslig vir ons gegee met die allernodigste bevele. In morse-kode flits ons berg toe en die volgende punt waarheen ons moet beweeg, word teruggesein.

Bevele word vir ons gegee. Ons beweeg nou berg op. Na 'n halfuur of wat blaas almal, 'n goeie bewys dat nog niemand fiks is nie. Naby die vierde punt word die bevele van die groepleier met die ry langs na agter toe gestuur. Toe die tweedelaaste ou omkyk, ontdek hy dat die laaste persoon nie meer daar is nie. Haastig word daar nou na hom gesoek. Vir ons is dit nou duidelik dat ons waaksaamheid nie so goed was nie. Die groep wat die nagmars gereël het, het sy eerste slagoffer van ons groep geëis. Ons bekruip nou die vierde punt. Tydens die bekruiping, verloor ons nog 'n makker.

By die vierde punt word daar met die basis in aanraking gekom deur middel van tweerigtingradios. Ons rapporteer ons verliese aan die bevelvoerende offisier en ontvang verdere bevel.

Ons beweeg nou teen die anderkant van die berg af na die rivier se kant toe en ons meld daar aan. Die ouens begin oor die toubrug seil. Tydens die oorseiling val twee in die water. Vir hulle was die nagmars verby en hulle word saam met die ander slagoffers verwyder.

By die vyfde punt aangekom, kry elke ou drie rooi balletjies. Ons moet 'n laagwaterbrug waarop ons makkers gevange gehou word aanval en probeer om hulle te bevry. Planne word beraam en die helfte beweeg deur die rivier om van die ander kant aan te val. Stadig word daar nader gekruip. 'n Fluitjie word geblaas deur een van die wagte van die groep wat die gevangenes oppas. 'n Stormloop word uitgevoer deur die groep wat hulle makkers moet red. In die proses word daar twee deur die balletjies gedood.

(Die aanvallende groep gooi met rooi balletjies terwyl die verdedigende groep met groen balletjies gooi. Waar die balletjie tref, bly daar 'n duidelike kol van die betrokke kleur oor, en sodoende kan bepaal word wie gedood is en wie nie.) Na 'n rukkie van stilte, val die aanvallende groep nou van twee kante af. Die een groep breek deur terwyl die ander groep gestuit word. Een van die gevangenes word gered voordat die groep ook die aftog moet blaas.

Hiervandaan beweeg die groep terug na die kamp toe waar hulle sop kry en gaan slaap.

'n Nagmars met vele belewenisse is agter die rug.

Verkenner
(Willem Jacobs - St. 10E)





Vlug van 'n swaeltjie.



Dis darem maar vér!



Wie't my gestamp?



"Miskien ook sal ek sterwe . . ."

# *ATLETIEK VERSLAG*



**Die koshuis het toe sommer met die deur in die huis geval en vir die vyfde agtereenvolgende jaar die Interhuis gewen.**

**Die uittog na Helpmekaar bly maar een van die hoogtepunte van die atletieksseisoen. Ten spyte van ons onrus oor die Helpie atletiekspan se sterkte, was dit 'n heerlike byeenkoms. Die atlete het vasberade deelgeneem en ons kon vir die soveelste keer die beker huis toe bring.**

Op die Sportstigting-, Noord-Transvaalse- en Interbondatletiekbyeenkomste en die Transvaalse Kampioenskappe het ons atlete weer eens bewys dat daar met hul rekening gehou moet word.

Vir die eerste keer in die geskiedenis bied Affies 'n meisieskolebyeenkoms aan. Die feit dat Oranje Meisies op die laaste nippertjie ontrek het, het nie veel van die gees van die byeenkoms weg geneem nie. Affies het as oorwinnaars uit die stryd getree en ons hoop om volgende jaar meer skole te betrek.

Dit was 'n groot teleurstelling toe die Interhoër uitgestel moes word weens die reën. Die byeenkoms is egter later op Menlopark se baan gehou. Hoewel dit die eerste keer was wat A.H.M. die A-bond deelgeneem het, het die atlete hul puik van hul taak gekwyt en getoon wat met harde werk en getroue ofening en werk vermag kan word.

Aan die atlete: Dankie vir julle harde en getroue oefening en julle gemotiveerdheid. Dit was 'n puik atletiek-seisoen en dankie dat julle altyd in die gees van die sport deelgeneem het. Moenie nou ophou oefen nie. Slegs met harde werk kan ons voortbou op hierdie jaar se prestasies.

**Leonie Gouws**
**(Atletiekkapteine)**

## PROBEER VOOR JY KRITISEER

**AFFIES, julle praat nie die waarheid nie en julle weet dit. Nou wil ek net noem: 'n mens het nie talent nodig om 'n skut te word nie – dit kos net oefening en nogmaals oefening. Kom probeer gerus 'n week of twee en ek waarborg jou jy sal verbaas wees oor die resultate.**

Ek vra julle net mooi: Moenie hierdie fyn en oordeelkundigheidsvergende sport verkleineer na 'n „Klomp sat en goor gewerekannie eers meer skietie"-storie nie. Man, as jy nie beter as 'n ander persoon is nie, het jy geen reg om hom te kritiseer nie. Kom oefen en dan sal jy weer die geleentheid gegun word om iets te sê – hetsy goed of kwaad. Want dan kry jy die geleentheid om 'n persoonlike mening te lug.

Ek vra julle weer, sien skyfskiet asseblief in die lig wat hierdie pragtige sport by ons skool verdien.

**Jacobus Krynauw St 8**

## WATERPOLO

**Die afgelope seisoen, wat gestrek het vanaf September 1976 - Maart 1977, het Affies homself weer eens op Waterpologebied bewys.**

Die eerste span het besonder goed gevaar. Hulle het die Pretoria-liga gewen en daardeur die „Ottersbeker" vir die bevordering van waterpolo in hoërskole „huis toe" gebring.

Hiervoor – 'n woord van dank en gelukwensing.

Ses van ons eerste span se lede is gekies om ons skool in die finale proewe van die Noord-Transvaalse hoërskolespan te verteenwoordig. Vier van hulle, naamlik Ren Oosthuizen en Karel Spies (twee voormalige Affies) asook Jan van der Westhuizen en Christoff Botha is gekies om die finale Noord-Transvaalse hoërskolespan te verteenwoordig.

'n Verdere onderskeiding het Ren Oosthuizen, Karel Spies en Cristoff Botha te beurt geval tot hulle gekies is vir die Noord-Transvaalse O/19-span.

Baie geluk aan hierdie puik waterpolospelers.

Daar is egter 'n tekort aan toeskouers by hierdie wedstryde. Daarom doen die spelers 'n ernstige beroep op elke Affie om asseblief die wedstryde by te woon. Dit kan elke speler tot hoër hoogtes aanspoor.

**A. Potgieter.**

## SKYFSKIET

**AS 'n oningewyde Affie hoor dat skyfskiet by hierdie skool aangebied word, is hy gewoonlik baie gretig om sy vernuf hier te toon. Hy daag ewe manhaftig op by die eerste oefening, net om „Meneer Ontnugtering" daar in lewende lywe te ontmoet.**

As hy agter die skietpoort insak en sy geweer vasvat, besef hy skielik dat daar iets aan die gang is met hom. „Hoekom wil die geweer nie stil nie?" „Watse visier is dit?" „Hoe werk die slot?" Ensovoorts.

Daar word dan geskiet en wanneer hy vorentoe stap, sien hy dat sy teikenkaart se kol nog heeltemal skoon en ongeskonde is. Die res van die gate lê kolletjieskolletjies versprei soos vlieë op gompapier.

Die resultaat van hierdie hele fiasko is dat die betrokkene homself klassifiseer as 'n swak en power skut. Hy verbloem dan die waarheid deur te sê: „Dis ou gewere, hulle is uitgeskiet . . .

Kom maats – kom terug, kom oefen en toon julle vernuf.

**SKUT**

## Die storie rondom die legendariese mev. Duncker

Die skoolklok het gelui en daar doer onder as almal uitskiet by die skoolhekke, sit 'n ma met 'n beiteltjie, 'n kussinkie en met 'n glimlag!

Sy wat jare lank haar land op die hokkieveld verteenwoordig het, trek nou vir Meisies Hoër bossies uit.

So tussen die aktiewe miere, wurms en paddas het sy egter 'n groot pad vir haar oopgebaan na talle hokkiespeelsters se harte . . . Die kommando-wurms lê almal morsdood, die lyne is reguit en witgekalk en 'n gladde gelyk hokkiebaan en seisoen lê en wag.

Sy het ons almal geïnspireer en aangesien ons vanjaar nie weer oor berge en dale sal moet draf nie, gaan ons baie doele skiet . . . en mag Ma Duncker nog lank bossies uittrek!!!

**Juffrou Lombard.**

## *WATERVAL-PILDITCH*

*Dis net blou, dis net groen,*
*Dis net reën wat jy doen.*
*Ek sit toe die spul só en bekyk*
*En dink by myself, nee rwagtie, nee kyk.*
*Ek hét my gesig al vanmôre gewas*
*Maar vee toe my oë nog 'n keer met my das.*

*Dis reënjasse en sambrele overal die plek.*
*En 'n karige seiltjie om jou hoof skrams te bedek.*

*Die atlete die hardloop en boeta, dit briek*

*Ag nee wat, dis snert, dis g'n atletiek.*
*Teen twaalfuur het almal huiswaarts gekeer,*
*Dit reën dat dir bars en o, Pilditch jy sien my nooit weer.*



# HELPMEKAAR '77

**Een van die groot gebeurtenisse van die jaar was toe Affies soos ware Romeine op Helpmekaar toegeslaan het – We came, we saw, we conquered.**

Al gillend en singend het Affies die slagveld betree. Baie Affies kon nie besluit of hulle matrieks is nie en groot konsternasie het ontstaan toe die matrieks hul regte verdedig het. Intussen het die rekords op die veld begin spat asook die oorwinnings. Helpmekaar het nie 'n kans gehad nie; reeds teen pouse het Affies ver voorgeloop. Ons meisies het egter later min hoop vir die seuns gehad, want hulle het begin verloor; maar weer eens het Affies gewys wat in hulle steek. Die puntetelling was soos volg: Helpmekaar - 90, A.H.M. - 170!

Die rit terug was heerlik, veral aangesien ons broers van oorkant die straat, vir die eerste maal saam met ons die busse kon bestyg.

Ons sê baie dankie vir die Affies wat teenwoordig was en aan die dirigente en atlete wat hard gewerk het om dit 'n suksesvolle dag te maak.



*Milky Lane*

All your delicious ice-cream specialities available at the

**Milky Lane**
**Kinsley Centre**
**Beatrix Street**

# ATLETIEK '77

**1977 was vir Affies 'n besonder goeie atletiekjaar. Reeds op die Interhuisbyeenkoms, wat terloops vir die eerste keer in baie jare nie deur die koshuis gewen is nie, kon mens sien dat daar groot dinge aan die kom was. Die byeenkoms is deur die Elande gewen.**

Die Atletiekspan is gekies en het in alle erns begin oefen. Op Saterdag 5 Februarie het Tom Naude ons besoek. Ons het hier as oorwinnaars uit die stryd getree. Die volgende Saterdag is die hele skool Helpmekaar toe. Op 'n stadium was Helpmekaar net 7 punte agter Affies, maar ons atlete het mooi teruggeveg en die byeenkoms met 30 punte gewen.

Op die Sportstigtingsbyeenkoms is 'n paar baie goeie prestasies behaal. Ons het hier vierde plek verower. Die atletiek teen Boys High is baie maklik gewen, deurdat ons byna dubbel soveel punte as hulle behaal het.


Woensdag 2 Maart. Die groot dag: Interhoër. Maar ongelukkig was dit toe nie bestem om 'n groot dag te word nie. Dit het gereën en gereën . . . Na slegs 'n paar nommers is die byeenkoms uitgestel tot Vrydag 4 Maart.

Op die interhoërdag het ons atlete hul besonder goed gekwyt van hul taak. Ons het tweede geëindig, slegs met 30 punte minder as Menlopark. In die proses is die beker vir juniors deur ons junior atlete gewen. Om te illustreer hoe goed dit daar gegaan het, kan dit genoem word dat ons meer eerste plekke as Menlopark verower het.

Baie geluk aan Nico Hager en Jaco de Beer wat gekies is vir die Noord-Transvaalse Junior Atletiekspan. Ook aan Dawid Keyser, Nico Hager, Francois Bezuidenhout, Willem Kemp, Stoffel Gouws, Japie fourie, Gerritt de Graaff, Brink Heineman en Louis Odendaal wat die hoërskolespan verteenwoordig het.

Aan elke Affie en hul afrigters - baie dankie vir dit wat julle vermag het.

Atleet



# SPORTVROU VAN DIE TERMYN



**Leonie Gouws is die produk van 'n Bosveldse agtergrond en Affie opvoeding. Menige Affies het al gesien dat sy in die werpskyfsirkel net so tuis is as in die gewigstootsirkel. Sy is die Suid-Afrikaanse kampioene in gewigstoot sowel as skyfwerp vir meisies onder 16 en ook die Suid-Afrikaanse kampioene in gewigstoot sowel as skyfwerp vir meisies onder 18. Sy is aangewys as die beste atleet op die Sportstigtingbyeenkoms asook die Meisieskolebyeenkoms en sy is gekies om Noord-Transvaal op die S.A. Senior kampioenskappe te verteenwoordig.**

Moet jou egter nie blindstaar teen haar atletiekloopbaan nie, sy is reeds in St. 8 gekies vir die Noord-Transvaalse skole netbalspan en het sedertdien nog elke jaar vir die Noord-Transvaalse span gespeel.

Haar akademie bly nie ver agter nie, want sy het vanaf St. 6 nog elke jaar akademiese erekleure verwerf en wie weet, miskien dui dit op 6 onderskeidings aan die einde van matriek.

**Stroom-op** wil graag vir Leonie gelukwens met haar puik prestasies en haar alles van die beste vir die toekoms toewens.

# INTERHOËR

**Maande lank het die atlete middag na middag hard geoefen vir die een groot dag wanneer hulle die geleentheid sou kry om teen die atlete van ander hoërskole in die A-bond in Pretoria te kompeteer. Nie net die atlete nie, maar ook hul afrigsters, ouers, maats en onderwyseresse was opgewonde. 'n Hele jaar lank het almal gewag en uitgesien na die groot dag. 2 Maart 1977 was veronderstel om die mooiste, spannendste en sonnigste dag te wees.**

Woensdagoggend 2 Maart het dit ou meide met knopkieries gereën. Dit was bewolk, koud, nat en winderig. Wat 'n misrabele dag vir atletiek! As die weersomstandighede so was op enige ander dag sou niemand gekla het nie, maar hoekom nou juis die tweede Maart? Toe ons uiteindelik in die trein sit, kon ons letterlik ons klere uitdroog.

Op die pawiljoene by Pilditch het ons opmekaar gesit soos sardientjies in 'n blik. Ons wil tog net diegene bedank wat verantwoordelik was vir die span van die seile. Waar die seile heel was en sonder gate of lekplekke, kon 'n mens in rus en vrede sit en dankbaar wees vir 'n droë sitplek, maar ongelukkig wás daar gate en lekplekke. As jy gelukkig genoeg was (die geluksgodin het breed geglimlag) om onder een van die gate of lekplekke te sit, het jy elke nou en dan 'n gratis stortbad gekry, indien nie heeltyd nie.

Die horlosie het aangestap tot tienuur en omtrent net 4 items het plaasgevind. Die veld was verlate. Wat het geword van die „mooiste, spannendste en sonnigste dag?" Dit was die grootste anti-klimaks van die jaar. Ongelukkig het die weer nie uitgedraai soos hulle in Engels sê: „Rain before seven, clear skies before eleven," nie.

Half elf kon die toeskouers huis toe gaan, maar die atlete moes agterbly indien dit dalk opklaar. Dit was egter gou duidelik dat die eendeweer nie so gou sou opklaar nie. Teleurgesteld en teneergedruk het almal maar die handdoek ingegooi. Interhoër is toe uitgestel na Vrydag die vierde Maart en dit het op Menloparkhoërskool se bane plaasgevind.

# Interhuis trofeë

**Woensdag 30 Maart 1977 het 'n groot eer die skool te beurt geval met 'n besoek deur ons stad se voormalige burgemeester, meneer H. Botha, alhier.**

Sy besoek aan ons skool het saamgehand met die oorhandiging van die Interhuis Rugbytrofeë, geskenk deur verskeie persone. Mnr. Botha self het ook een van die bekers geskenk - „Die Burgemeesterstrofeë.

Hy het ook 'n kort, kragtige en interessante toespraak gelewer en ons in geen onduidelike taal laat verstaan dat ons seuns hul rugby moet geniet, harde spel moet speel, maar boweal, 'n skoon spel moet speel. Geen vuil spel kan geduld word nie - dit openbaar 'n wanbalans in jou sportbeoefening.


Meneer Botha was vroeër self 'n ouer van ons skool en ek weet dat elke Affie met my saamstem wanneer ek sê dat sy voortgesette belangstelling in ons doen en late, hoog op prys gestel word.

Baie dankie daarvoor meneer Botha.

Rugby-entoesias.

# SPORTMAN VAN DIE TERMYN

**Johannes Roeloff du Toit is gebore op 14 Maart 1959 op Martimer in die distrik Cradock in die Kaapprovinsie. Hy het sy laerskoolloopbaan op Martimer Laerskool voltooi waarna hy toe aan die Hoërskool Cradock sy standerd 6, 7 en 8 Jare voltooi het. Aan die begin van sy st. 9 jaar, het hy na Affies gekom en hier skool gegaan tot aan die einde van Junie toe hy ons weer verlaat het om te gaan tennis speel. Die volgende jaar het hy weer met st. 9 begin en sedertdien is hy nog steeds by ons - vanjaar in matriek. Hy is gekies as skoolprefek en koshuis onderhoofseun.**



**Hy het begin tennis speel op 9-jarige ouderdom. Op 11 jaar het hy die Kaapse Middellande 0/12 titel ingepalm. In sy 12de jaar het hy vir die 0/14 span van N.O.K. gespeel. Sedertdien het hy al sy Oostelike Provinsie en Noord-Transvaal kleure verwerf. Hy was lid van die toerspan wat in Engeland gaan speel het. Hy het vir Affies se eerste span gespeel sedert hy hier aangeland het. Die rede vir sy koms na Affies is toe te skryf aan die hoë tennisstandaard wat ons skool het en ook omdat Noord-Transvaal se Kompetisie baie sterk is. Hy word met raketrame geborg deur Slazenger.**

**Waar hy ons op die tennisbaan verbaas het, het hy ook baie goed presteer in atletiek. Hy het verlede jaar vir ons 'n eerste plek op interhoër besorg alhoewel hy tennis bo atletiek verkies. Hy het self so gekies omdat hy in tennis 'n grootse toekoms sien.**

**Fiedie het aan die interhuis-rugby deelgeneem en het vir die sterk span van die koshuis as heelagter uitgedraf. Hy het hom goed van sy taak gekwyt en het na die tyd vir ons gesê dat hy baie van rugby hou, maar hy kan nie daaraan deelneem nie omdat tennis al sy vrye tyd in beslag neem.**

**Sy gunsteling vakke op skool is Geskiedenis en Aardrykskunde. Hy het reeds besluit dat hy na skool in 'n L.O.-kursus aan die Universiteit van Port Elizabeth gaan studeer. Na voltooing van sy studies, is hy van plan om in sy tuis-distrik, Cradock, te gaan boer.**